

AS MY GELOOF MY BEGEWE

21 Maart 2021



Hierdie oortuiging kan by elke byeenkoms deur almal saam hardop gelees word.

Ons oortuiging

Ons is kinders van die Here wat saam 'n reis na vernuwing en bevryding aanpak.

Ons wil graag ontdek wat God vir ons wil wys op hierdie reis.

Ons wil graag meer soos Jesus word en Sy wil vir ons lewens uitleef.

Op hierdie reis na vernuwing:

- Beloof ons om gedurig vir mekaar te bid;
- Gaan ons met mekaar deel wat ons ontdek; en
- Verbind ons ons om enduit saam te reis.

WANNEER MY GELOOF MY BEGEWE

(Lydensweek 6)



1. STAAN NADER

Vertel mekaar van 'n keer toe jy baie braaf moes wees. Dit kan uit jou kinderdae wees of 'n onlangse oomblik van braafheid.



2. TOT HIER TOE

Vertel vir jou medereisigers waar jy vir God die afgelope week ervaar het. Was daar ook oomblikke waar Hy ver gevoel het? Neem die vrymoedigheid om dit met mekaar te deel.



3. GPS INSTEL

Ons gaan 3 minute gebruik om tot rus te kom en te fokus op God. Stel jou selfoon se “timer” op 3 minute en sit net rustig in stilte. Geniet dit om in God se teenwoordigheid te wees.

Elke keer wanneer jou gedagtes dwaal, sien in jou geestesoog hoe die gedagte voor jou kop hang, vat dit met jou hand en plaas dit saggies agter jou rug. Fokus weer op hoe gerusstellend dit is om net saam met God te sit en die oomblik te geniet.



4. LUISTER

a. Agtergrond

Hierdie week se erediens en teks fokus op die momente waar ons geloof ons begewe. Hierdie oomblikke voel onvermydelik, maar hoe gemaak wanneer dit gebeur?


b. Teks

Lukas 22: 31-34; 39-46

Gesels saam

1. Wat staan onmiddellik vir jou uit in hierdie gedeelte?

2. Watter vrae het jy nadat jy hierdie stuk gelees het?
3. Wat van Petrus se verhaal tot hier voel eie aan jou?
4. Het jou eie geloof jou al begewe en hoe het dit jou geraak?



5. SIT 'N RUKKIE

- a. Wat hoor jy vir jou reis?
(Jy kan hierdie vraag net vir jouself antwoord.)
- b. Wat hoor ons vir ons saamreis as gesin/kleingroep?
(Jy kan, sonder lang bespreking daarvan, vir die ander noem wat jy gehoor het.)
- c. Wat hoor ons vir ons as gemeente se reis saam?
(Jy kan, sonder lang bespreking daarvan, vir die ander noem wat jy gehoor het.)



6. ONS VERSORG MEKAAR

Ons elkeen het oomblikke waar ons geloof ons begewe. Oomblikke waar ons die gebed van ander nodig het. Indien jy nog nie 'n gebedsvriend(in) het nie, dink aan iemand saam met wie jy graag 'n gebedspad wil stap. Kontak hulle en nooi hulle vir 'n koffie en "saam bid"-geleentheid. As jy reeds 'n gebedsvriend(in) het, maak hierdie week moeite om by mekaar uit te kom en saam te bid.



7. HIER GAAN ONS!

Fokus hierdie week op jou geloofsreis. Fokus daarop om “present” te wees in jou reis saam met God. Wat is dit wat jou nader aan Hom bring en wat dryf jou weg?

ROETEMERKERS (Tekste vir Stiltetyd) VIR DIE WEEK

Dag 1: Heb 11:1

Dag 2: Jos 1:9

Dag 3: Rom 15:13

Dag 4: 1 Tim 6:12

Dag 5: Joh 16:33